


'N JONG VROU SE KOMMER OOR HAAR BABA SE TOEKOMS LEI HAAR OM 'N MOEDIGE BESLUIT TE NEEM

satvi

Stop TB Partnership

# DIE KLEYNHANS FAMILIE

Die Kleynhans familie bly in a klein dorpie in die Boland.

Pa, Vernon (44), was tot onlangs as 'n voorman in 'n vrugteverwerkingsplant aan diens, maar was afgedank.

Ma, Vanessa (42) is 'n vrywillige by die plaaslike pre-primêreskool.

Karina (22), het 'n baba van 18 maande met die naam Venetia wat almal Koekie noem. Koekie se pa is nêrens te vinde nie.

Trevor (14), bekend as Tupac, is in Graad 10. Hy behoort aan 'n groep tienerseuns wat verkies om skool te bank, te luister na rap musiek en kattekwaad aan te vang... onlangs het Tupac 'n slegte hoes ontwikkel wat nie gesond word nie




Karina & Cookie Tupac Vanessa Vernon

# HOEKOM HIERDIE TEKENPRENT?

satvi SOUTH AFRICAN TUBERCULOSIS VACCINE INITIATIVE

**TB is 'n groot probleem wêreldwyd, en veral hier in die Boland. Soos gemeenskappe wêreldwyd, neem die Boland deel in studies om 'n nuwe TB entstof te vind wat sal voorkom dat mense TB kry.**

Navorsers benodig die ondersteuning van die gemeenskap. Dit is belangrik dat ons gemeenskap verstaan wat kliniese navorsing is. Jy moet vrywilliglik in die studie deelneem, ingelig wees en met 'n volle begrip van wat sal gebeur as jy deelneem in die studie en ook wat jou regte is...

Dit is die verantwoordelikheid van ons as navorsers om te verseker dat u bewus en ingelig bly. Dit sluit kommunikasie deur verskillende metodes, veral deur die Gemeenskapadviesraad (GAR), radios, koerante en leestof soos hierdie tekenprent.

Die tekenprent beoog om informasie oor te dra op 'n vermaaklike en verstaanbare manier. Deur die tekenprent wil ons ons deelnemers en die gemeenskap bemagtig oor die TB entstof kliniese navorsing. Dit word in Afrikaans, Xhosa en Engels uitgereik.

As u terugvoering oor die tekenprent wil gee, voel vry om ons te kontak by: 023 346 5400 of e-pos Linda Rhoda by linda.rhoda@uct.ac.za

## DIT WORD OPGEDRA AAN U

Sonder die ondertsteuning van die Boland gemeenskap, is die navorsing vir ons TB entstof nie moontlik nie. Hierdie tekenprent word opgedra aan almal wie SATVI help om 'n nuwe, meer effektiewe entstof te vind – ons gemeenskap, die Gemeenskapadvies Raad (GAR), ons plaaslike en internasionale vennote en die belangrikste, ons studie deelnemers...

## ONS WIL DIE MENSE BEDANK WAT GEHELP HET MET HIERDIE TEKENPRENT

- Die SATVI Gemeenskapadviesraad
- Die drama studente en onderwysers van die Worcester Senior Sekondêre Skool
- Die mamas van ons baba studie
- Die Global Parnership to Stop TB, wat ons geborg het

© Copyright 2010. WHO


EEN AAND IN DIE BOLAND...
HOES
HOES
HOES
HEY TUPAC!
HOU NOU OP HOES!
EK KAN NIE!
KOFF KOFF
SIT 'N TISSUE OF IETS VOOR JOU MOND AS JY HOES.
HOEKOM MOET EK?
EK WIL NIE HÊ KOEKIE MOET JOU KIEME KRY NIE.
WAT SE KIEME?
HEY!
MAAK TOE DAAI VENSTER! DIS KOUD!
WOOSH!
WAAA!
MA! MAAA!
WAT GAAN AAN?


HOEKOM MAAK JY DIE VENSTER OOP? DIS KOUD BUITE.
HY VERSPREI KIEME. EK LAAT DIT NET UIT DIE HUIS UIT.
BLY STIL!
WAT WIET JY VAN KIEME?
TB. EK WIET VAN TB. HULLE'T ONS BY DIE KLINIEK DAARVAN VERTEL. EK WIL NIE HÊ KOEKIE MOET TB KRY NIE.
MOENIE WORRY NIE. KOEKIE WAS GE-VACCINATE TEEN TB..
EK WAS OOK GE-VACCINATE. KYK HIE'S MY TJAPPIE.
DAN HOEKOM HOES JY HEELTYD?
NET OMDAT HY HOES BETEKEN DIT NIE HY'T TB NIE. DIS NET 'N HOES.
MAAR HY'T DIT NOU AL VIR WEKE!
LATER DAARDIE AAND....
EK IS BEKOMMERD OOR TUPAC SE GEHOESERY. DINK JY HY'T MISKIEN TB?
TB? HOEKOM PRAAT JY VAN TB?


TB BESTAAN. DIS ORAL OM ONS.. AUNTIE AGNES HET DIT, SHANTAL SE OUTJIE, WAT SY NAAM NOU WEER –
OK, OK, OK, EK HOOR JOU. DIS 'N PROBLEM.
SO, EK DINK EK MOET LIEWER VIR TUPAC DOKTER TOE VAT...
DOKTER? JY WIET EK HET NIE GELD VIR DIE DOKTER NIE.
OK. EK SAL HOM KLINIEK TOE VAT. EN EK VAT SOMME VIR KARINA EN KOEKIE OOK.
MOET NET NIE GELD SPANDEER NIE.
HOE KAN EK GELD SPANDEER WANNEER DAAR NIE IS NIE?
DIE VOLGENDE DAG...
HOE LANK NOG?
NIE MEER VER NIE...
BY DIE KLINIEK....
TUPAC KLEYNHANS?
DAAI'S EKKE!
GEDRA JOUSELF!
LAAT ONS EERS NA JOU BORS LUISTER...HMMM....
HOES NOU ASSEBLIEF.
ALMAL SÊ HEELTYD EK MOET OPHOU HOES, NOU WIL JY HÊ EK MOET HOES.
HA HA. BAIE SNAAKS.
HET JY MISKIEN ONLANGS MOEG BEGIN VOEL?
UMM...
HY'S ALTYD MOEG.
SWEET JY IN JOU SLAAP?
EK WIETIE, EK SLAAP MOS DAAI TYD
LUISTER MENEERTJIE. AS JY WIL HÊ ONS MOET JOU HELP, MOET JY SAAM MET ONS WERK. .


JY'T 'N ERNSTIGE BORSINFEKSIE, MAAR GEEN TEKEN VAN TB NIE.
WAT 'N VERLIGTING!
ANTIBIOTIKA SAL JOU UITSORT. IN DIE TUSSEN TYD, AS JY DAAI HOES WIL GESOND MAAK, SAL JY MOET OPHOU ROOK JONG MAN.
OEPS!
EK HET SO GEDINK!
SUSTER, KAN JY ASSEBLIEF IETS AAN MY VERDUIDELIK? AL IS TUPAC INGE-ENT, KAN HY NOG STEEDS TB KRY?
JA, HY KAN, VERAL LONG TB. DIE ENTSTOF IS NIE 100% EFFEKTIEF NIE.
!
AGGE NEE!
JY'T DIE REGTE DING GEDOEN OM HOM KLINIEK TOE TE BRING VIR 'N CHECK-UP.
INTUSSEN, IN DIE WAGKAMER...
HOE GAAN DIT MET MY KOEKIE?
GA-GA!
WAT 'N OULIKE BABA.
Satvi
MANDISA
WAT IS HAAR NAAM?
VENETIA, MAAR ONS NOEM HAAR KOEKIE.
EN HOE OUD IS KOEKIE NOU?
VYF MAANDE
EN IS KOEKIE NIE LEKKER NIE?
NEE, SY'S PIEKFYN.
ONS IS HIER VIR MY BROER. HY'T 'N SLEGTE HOES.
WERK JY HIER?
EK WERK VIR SATVI.


SATVI? WAT IS DIT?
ONS DOEN KLINIESE NAVORSING, ONS TOETS NUWE TB ENSTOWE.
KAN EK JOU 'N VRAAG VRA?
NATUURLIK!
EK'T GEHOOR DAT, AL IS KOEKIE INGE-ENT, KAN SY NOG STEEDS TB KRY. WAT BAAT DIT DAN OM INGE-ENT TE WORD?
DIE IN-ENTING IS NIE 100% EFFEKTIEF NIE, MAAR DIT BIED NOG STEEDS BESKERMING TEEN ERNSTIGE TB
SO ALLE KINDERS MOET NOG STEEDS INGE-ENT WORD MET DIE TB ENTSTOF, BCG.
MAAR ONS BENODIG EINTLIK 'N NUWE ENTSTOF WAT ALLE TB KAN VOORKOM, SOOS LONG TB, MDR EN XDR TB. DIT MOET OOK IN DIE MENSE MET HIV KAN WERK. DIS EINTLIK HOEKOM ONS BESIG IS OM 'N NUWE ENTSTOF TE TOETS.
'N NUWE TB ENTSTOF? KAN KOEKIE DIE NUWE TEENMIDDEL KRY?
WEL...
DIT VAT 'N GERUIME TYD OM 'N NUWE ENTSTOF TE ONTWKKEL EN TE TOETS. ONS WETENSKAPLIKES IS REEDS BAIE BESIG MET KLINIESE NAVORSING OF TRIALS.
TRIALS? WAT IS DIT? SOOS OM HOF TOE TE GAAN?
O, JULLE'S KLAAR. DIT IS MANDISA. SY WERK BY SATVI.
HI!
HELLO, MANDISA..
GOEIE NUUS. GEEN TB NIE!
DIT IS WONDERLIK, TUPAC! JY'S SEKER SO VERLIG!
EK SKAT SO...
MAAR DIT BETEKEN NIE DAT EK DIT NIE NOG KAN KRY NIE!


WEET JULLE HOE WERK ENSTOWE?
NIE RERIG NIE...
NEE
SOORT VAN...
ONS SPUIT DIE VACCINE IN JOU IN...
...SODAT DIE IMMUUNSTELSEL WEERSTAND TEEN DIE SIEKTE KAN OPBOU...
AS TB OOIT DIE LIGGAAM DAARNA AANVAL, SAL DIE IMMUUNSTELSEL DIT BEVEG!
IS DIT NIE GEVAARLIK OM DIT TE DOEN NIE? EK BEDOEL, AAN 'N BABA
NEE, GLAD NIE.
ALLE TEENMIDDELS WORD EERS OP MENSE GETOETS. ONS NOEM DIT KLINIESE NAVORSING. DAAR IS BAIE STRENG REËLS WAT DEELNEMERS BESKERM. DIS HOEKOM ONS NAVORSING IN FASES DOEN.
ONS BEGIN MET NET 'N PAAR MENSE. MET ELKE NUWE FASE, WORD DIE GROEP GROTER.
FASES VAN NAVORSING
FASE I
KLEIN GROEPIE MENSE OP TOT 20
FASE II
GROTER GROEP MENSE OP TOT 1000
FASE III
DUISENDE DEELNEMERS
OP DIE OOMBLIK IS SATVI BAIE BESIG MET 'N GROOT NAVORSING VIR 'N NUWE ENTSTOF. DIT SLUIT DUISENDE BABAS IN.
SAL DIT MOONTLIK WEES VIR KOEKIE OM BAAT TE VIND VAN DIE ENTSTOF?
NIE SY SELF NIE, MAAR EENDAG WANNEER SY KINDERS HET...
... HULLE SAL BESKERM WEES DEUR DIE NUWE ENTSTOF ...
GAGA!
WIL JY EN KOEKIE ONS HELP?
JULLE HELP? HOE?
DEUR OM VIR KOEKIE TE LAAT DEELNEEM IN DIE NAVORSING.
WOW!


SEWE MAANDE LATER... DIT IS KOEKIE SE EERSTE VERJAARSDAGPARTYTJIE. VRIENDE EN FAMILIE KOM BYMEKAAR VIR 'N MIDDAGBRAAI.
KARINA PRAAT MET 'N GROEP VRIENDE...
... EN TOE SKRYF EK VIR KOEKIE IN VIR DIE SATVI KLINIESE NARVORSING VIR 'N NUWE ENTSTOF.
HOEKOM HET JY DIT GEDOEN?
OMDAT EK GEVOEL HET DIT IS DIE REGTE DING OM TE DOEN!
EK VERTROU NIE DIE WETENSKAPLIKES NIE!
EK HET GEHOOR DAT DIE ENTSTOF EINTLIK DIE PERSOON MET TB BESMET!
DIT IS NIE WAAR NIE.
DIE ENTSTOF HET NIE TB KIEME NIE. SO DAAR IS GEEN MANIER DAT KOEKIE TB VAN DIE ENTSTOF KAN KRY NIE.
HAH! DIS WAT DAAI WETENSKAPLIKES SÊ!
MAAR WAT DOEN HULLE RÊRIG?
NEEM HULLE KOEKIE SE BLOED?
JA, MAAR NET SODAT HULLE KAN SIEN OF DIE ENTSTOF DIE LIGGAAM SE WEERSTAND VIR TB VERHOOG HET.
EK STEM SAAM MET LYNTON. DIE DING GAAN NOU AL VIR JARE AAN, MAAR DAAR IS NOG STEEDS GEEN ENTSTOF NIE. WAT GAAN DAN AAN?
PA!
ONS HET DIE REG OM TE WEET.


EK STEM OOK SAAM MET LYNTON. DIE GEMEENSKAP HET DIE REG OM TE WEET. DIS HOEKOM SATVI 'N RAAD HET OM DIE GEMEENSKAP IN TE LIG.
EK IS EINTLIK 'N LID VAN DAAI RAAD.
JY'S EEN VAN HULLE?!
NEE, LYNTON. EK'S EEN VAN ONS. ONS PLIG AS LEDE VAN DIE RAAD IS OM TE VERSEKER DAT DIE GEMEENSKAP SE BELANGE BESKERM WORD.
MOENIE BEKOMMERD WEES NIE, SATVI WETENSKAPLIKES HET BAIE STRENG REELS OM TE VERSEKER DAT ALLE DEELNEMERS VEILIG EN BESKERM IS.
DIT IS HOEKOM DIE TEENMIDDEL NAVORSING SO LANK VAT. DEELNEMERS SE REGTE EN VEILIGHEID KOM EERSTE!
DIS WAAR. AS DIE MA VAN 'N DEELNEMER, HET EK DIE REG OM TE WEET WAAROOR DIE STUDIE GAAN EN WAT DIE RISIKOS IS.
EK KAN KOEKIE ENIGE TYD ONTTREK AS EK WIL.
HOEKOM DOEN JY DIT DAN NIE?
NEE!
EK DOEN DIT OMDAT EK GESIEN HET WAT TB AAN ONS GEMEENSKAP DOEN. DEUR DEEL TE NEEM SAL KOEKIE EN EK HELP OM 'N ENTSTOF TE VIND WAT HAAR KINDERS TEEN TB SAL BESKERM.
EK KRY JOU PUNT. NOU VERSTAAN EK!
DIT GAAN NIE SOVEEL OOR DIE INDIVIDU NIE. DIS OM DIE HELE GEMEENSKAP TE BEVOORDEEL EN OOK DIE GENERASIES VAN DIE TOEKOMS.
KOEKIE IS DEEL VAN DIE VOLGENDE GENERASIE WAARVAN JY PRAAT. SY VERTOONWOORDIG DIE TOEKOMS!
HA HA HA HA
KOO-KIE!
HA HA
GELUKKIGE VERJAARSDAG KOEKIE. JY IS DIE TOEKOMS!
DIE EINDE

# WAT WAS DIT NOU WEER?

MET KARINA & TUPAC





# TUPAC SE BLOKKIESRAAISEL

**DWARS:**

1. ...is 'n simptoom van TB wat in die aand plaasvind.
2. Deelnemers in kliniese toetse kan enige tyd...
3. Wie se blokkiesraaisel is dit?
4. Inentingsmiddels versterk die liggaam se vermoë om te baklei teen .....
5. Kliniese navorsing word in fases gedoen om te verseker dat die inentingsmiddel ... is en dat dit werk.
6. Wat moet Tupac omtrent sy rokery doen?

**AF:**

7. Antibiotika was aan Tupac gegee om sy bors infeksie te....
8. Koekie hou die meeste van haar ma se....?
9. Deelnemers in kliniese toetse het die reg om te weet of daar enige ... is.
10. Deelnemers moet ingelig word as daar enige ....is
11. Navorsing word deur kliniese....uitgevoer




dwars: (1)sweet, (2)onttrek, (3)Tupac, (4)kieme, (5)veilig, (6)stop
af: (7)behandel, (8)soentjies, (9)risiko, (10)koste, (11) toetse

# HANDVES VAN REGTE

## VIR STUDIE DEELNEMERS

**AS 'N DEELNEMER IN 'N NAVORSING STUDIE HET U DIE REG:**

1. **Om genoeg tyd te kry om 'n besluit te neem om deel te neem in die studie of nie en om daardie besluit te neem sonder enige druk van die mense wat die studie gaan uitvoer.**
2. **Om te weier om deel te neem aan die studie, en om deelname enige tyd na die begin van die studie te stop.**
3. **Om te weet wat die studie probeer uitvind, wat met u gaan gebeur, wat van u verwag word as u in die studie deelneem.**
4. **Om ingelig te word oor die moontlike risiko's wat verwag kan word as u deelneem aan die studie.**
5. **Om ingelig te word oor die moontlike voordele vir u a.g.v. deelname aan die studie.**
6. **Om ingelig te word oor die kostes verbonde aan deelname aan die studie en of u vergoed sal word vir deelname aan die studie.**
7. **Om ingelig te word wie toegang sal verkry tot u informasie, en hoe u konfidentialiteit beskerm sal word.**
8. **Om ingelig te word oor wie om te kontak omtrent vrae oor die navorsing, omtrent beserings a.g.v. die navorsing en omtrent u regte as navorsingsdeelnemer.**
9. **Om 'n afskrif van u getekende Toestemmingsvorm te ontvang.**

**AS DIE STUDIE BEHANDELING OF TERAPIE INSLUIT:**

10. **Om ingelig te word omtrent die alternatiewe behandelingskeuses vir u.**
11. **Om ingelig te word waar u behandeling sal ontvang indien u wel 'n besering opdoen a.g.v. die navorsing en wie vir hierdie behandeling sal betaal.**



# WOORDESKAT:

## BELANGRIKE TERME OM TE ONTHOU

KLINIESE NAVORSING: wanneer medisyne of teenmiddels vir die eerste keer in mense getoets word. Dit is om te toets of die medisyne of entstof veilig is, om te sien of dit sal werk om siektes te verhoed of te behandel.
ENTSTOF: 'n middel wat opgemaak is uit 'n onaktiewe deel van 'n kiem, gewoonlik word dit in die liggaam ingespuit.
IMMUUNSTELSEL: dele van die liggaam wat saamwerk om infeksie te voorkom.
LIGGAAM SE WEERSTAND: jou liggaam se vermoë om infeksie en siekte te beveg en te voorkom.
VRYWILLIGE / DEELNEMER IN 'N STUDIE: vrylik aan te sluit.
IN TE SKRYF IN 'N STUDIE: gee skriftelike toestemming om aan 'n studie deel te neem.

## Gemeenskapsadviesraad (GAR)




satvi

**Gepubliseer deur South African Tuberculosis Vaccine Initiative (SATVI), 2010.**
**www.satvi.uct.ac.za**

**Bewoording en kunswerk:** Andy Mason
artworks@iafrica.com

**Voorblad kuns:** Pete Woodbridge

**Uitleg:** Ashleigh Fisher

**Gekoordineer deur:** Lieve Vanleeuw

**Vertaaling deur:** La Donna Morrison

**Vervaardig deur Words & Images, Cape Town, South Africa**
www.wordsandimages.co.za